Brief 2

Rede vir kennisgewing: Proseduregebrek – Artikel 19(2)

Verw.no. : ***Inrigting se briefhoof***

Navrae :

KENNISGEWING OM AAN VERSOEK TE VOLDOEN INGEVOLGE ARTIKEL 18 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)

U word hiermee in kennis gestel dat u versoek om toegang tot inligting gedateer _____ nie aan artikel 18 van bogemelde Wet voldoen nie en dat die versoek om toegang tot die betrokke inligting dus geweier sal moet word.

Die redes vir die voorgenome weiering ingevolge artikel 18(1) van bogemelde Wet is as volg:

_____
_____
_____

Die volgende inligting mag u help om aan die prosedurevereistes te voldoen:

_____
_____
_____

Ten einde nakoming van artikel 18(1) van bogemelde Wet te bewerkstellig, is die inrigting se versoekbeampte _____ (naam van beampte) aangewys om u behulpsaam te wees met die opstel van 'n behoorlike versoek. Tree asseblief so gou as moontlik met die betrokke beampte in verbinding by telefoonnommer _____ of skriftelik by die bogenoemde posadres om die nodige reëlings te tref.

Dit staan u natuurlik vry om self die nodige regstelling(s) te doen, u eie hulp te bekom, die versoek te bevestig of om dit te wysig om aan artikel 18 (1) van bogemelde Wet se vereiste te voldoen, teen nie later nie as *_____ .

Daar dien op gelet te word dat die tydperk wat op die datum van hierdie kennisgewing begin, en op die datum eindig wanneer u u versoek bevestig of wysig, buite rekening gelaat moet word wat betref die voorgeskrewe tydperk waarbinne 'n besluit geneem moet word.

ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE
DATUM:

**LW:* *Daar bestaan geen tydperking hiervoor nie. Gee ±30 dae grasie. As die versoeker nie reageer binne 30 dae nie, kan die versoek as geweier beskou word ingevolge artikel 27. Lig versoeker dan met Brief 12 in.*